# VOORBEELDTAAK 5

## GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL

# TAAK 4 (BEGRIP, OPSOMMING & TAAL)

**PUNTE: 35 (70 ÷ 2)**
**TYD: 2 UUR**

**Hierdie taak bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie toets bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taal in konteks | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling wat voltooi is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarop volg. Kyk mooi wanneer daar VOLSINNE van jou verwag word. Kyk ook na die puntetoekenning; dit gee 'n aanduiding van hoeveel jy moet skryf.

### Op die voorblad van my eie 'Huisgenoot' – Maretta Bellingham

**1** Om te erken dat jy nie 'n lid van Facebook is nie, is deesdae amper net so erg as om te sê jy hou van Abba se musiek of jy is party aande te lui om jou tande te borsel. Want almal, en daar is na bewering 500 miljoen van hulle, behoort aan dié sosiale netwerk.

**2** Mense kla voortdurend dat hulle nie tyd het nie. Hulle het nie tyd om al hul werk af te handel nie. Hulle het nie tyd om 'n stokperdjie te beoefen nie of die gras te sny of 'n boek te lees nie. Hulle het nie tyd vir mekaar nie.

**3** Maar hulle het tyd om te blog. En te Facebook en te twiet. Of te twit? <u>Of is jy 'n twit as jy twiet</u>? Iewers mis ek iets en wie weet, dalk is 2011 die jaar dat ek <u>meteens agterin 'n kas 'n helse klomp tyd ontdek.</u>

**4** Kyk hier, sal ek verheug uitroep, ek het tyd waarvan ek nie geweet nie. Wat 'n wonderlike verrassing; ek wonder wat ek met hierdie tyd sal doen?

**5** Ek weet. Ek sal by Facebook aansluit. Ek wou nog altyd vriende gehad het wat nie 'n idee het wie ek werklik is nie. Ek wou nog altyd mense wat ek net effens ken, vertel van my in-groeitoonnael. Sodat mense wat ek glad nie ken nie met my kan simpatiseer.

**6** Ek sal my nuut ontdekte tyd aanwend om stringe nuwe vriende te maak. Ek sal my verlustig aan hul opwindende lewe. Ek sal my saans lê en verknies oor hul probleme, hul liefdesintriges, hul stout kinders, hul beneukte base.

**7** My lewe sal 'n oop boek wees. Big Brother se agterent. Ek sal vir hulle behoorlike detail gee.

**8** En foto's, natuurlik. Van die muskietbyt op my linkerboud tot die vreemde moesie op die regter...oor. Ek sal op die voorblad van my eie *Huisgenoot* wees.

**9** En as daar nog 'n bietjie tyd oor is, sal ek twiet. Of twit. Het ek iewers gelees dat Twitter dalk beëindig gaan word? Dit sal jammer wees, want gestel ek het skielik 'n behoefte om vir iemand te sê ek het pas muesli vir ontbyt geëet. Ek bedoel, hoe hou jy sulke inligting vir jouself?

**10** Of ek sal na my nuutgevonde tyd kyk en sê, wat 'n wonderlike geskenk. Nou sal ek daardie boek begin skryf wat ek nog altyd wou. Ek sal meer gereeld vir my ma gaan kuier. Ek sal meer gereeld vir Billy vat om te gaan stap. Ek sal een keer per week teater toe gaan; vir my vriendin in Griekeland 'n lang brief skryf; my stamboom navors; 'n nuwe taal aanleer. En meer gereeld met my <u>(ware)</u> vriende kommunikeer.

**11** Facebook is fantasties, sê 'n kollega. Sy het net gister 'n boodskap gekry van iemand wat in standerd drie saam met haar op skool was. En 'n vriendin van 'n vriendin se ma het laat weet dat sy saam met haar pa matriekafskeid toe was.

**12** "Whatever makes jou tick," sê ek. En as dit 500 miljoen mense laat tick, kan dit seker nie so waardeloos wees nie. 'n Honderd-en-driejarige tannie van Londen het pas die oudste lid van Facebook geword. Lillian is 'n groot aanhanger van Facebook en sy sê dis 'n

wonderlike manier om op hoogte te bly van sake. (Ja wel, as jy twee gehoorstukke dra en jou tjops met ’n strooitjie drink, kan mense vir jou baie dinge wysmaak.)

**13** Facebook het seker ook ’n donker kant. ’n Depressiewe Britse maatskaplike werker het op Kersdag op haar Facebook-blad geskryf: “Took all my pills be dead soon so bye bye every one.” Een vriendin se reaksie was soos volg: “She ODs all the time and she lies”.

**14** Terwyl ’n klomp van haar sogenaamde vriende via Facebook oor haar boodskap ge-argumenteer het, was Simone Back besig om te sterf. Haar ma het ná haar dood gewonder hoekom nie een van Simone se 1 082 Facebook-vriende iets gedoen het om haar te probeer red nie. En ’n paar maande gelede het ’n skoolmeisie wat gereeld op Facebook geboelie is, ook selfmoord gepleeg.

**15** Om te Facebook of nie te Facebook nie. Dis die vraag. Maar terwyl ’n wetenskaplike van Oxford onlangs gewaarsku het dat webwerwe soos Twitter en Facebook veranderings in mense se brein kan teweegbring, terwyl ander waarsku dat die gewoonte erg verslawend kan wees, hou ek my opsies oop.

**16** Totdat Ashton Kutcher my natuurlik nooi om ’n Facebook-vriend te word.

*(Verwerk uit: Rapport, 6 Februarie 2011)*

1.1 Verduidelik die betekenis van die titel in EEN VOLSIN. (2)

1.2 Wat is ’n “sosiale netwerk”? (par. 1). Antwoord in EEN VOLSIN. (2)

1.3 Wat bedoel die skryfster met “Of is jy ’n twit as jy twiet”? (par. 3) (2)

1.4 Wat is die skryfster se siening van mense wat tyd het om op Facebook besig te wees? Antwoord in EEN VOLSIN. (2)

1.5 Wat soek mense, volgens die skryfster, waarskynlik op Facebook? (1)

1.6 Verduidelik wat die skryfster bedoel met “Big Brother se agterent” (par. 7) Antwoord in EEN VOLSIN. (2)

1.7 Wat word geïmpliseer deur die gebruik van die hakies by (ware) in par. 10? (1)

1.8 Wat is volgens die skryfster die donker kant van Facebook? Antwoord in EEN VOLSIN. (2)

1.9 Watter boodskap word deur die skryfster oorgedra? Antwoord in EEN VOLSIN. (1)

1.10 Watter TWEE gevare kan daar volgens die skryfster verbonde wees aan die gebruik van Facebook? Skryf albei in EEN VOLSIN. (2)

1.11 Verduidelik wat sy bedoel met "...hou ek my opsies oop." (par. 15) (1)

1.12 Wat sal die skryfster van plan laat verander? (1)

1.13 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

In watter trant is die artikel geskryf?

A. humoristies
B. ernstig
C. sarkasties
D. snedig (1)

**EN**

**STATISTIEK VAN INTERNASIONALE FACEBOOKGEBRUIK**

| | **Land** | **Getal gebruikers afgelope 3 maande** | **Verandering afgelope 2 weke** | **% verandering afgelope 2 weke** | **Persentasie van bevolking** |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | VSA | 163 328 640 | +5 303 020 | +3.36% | 52.65% |
| 2 | Brasilië | 57 892 040 | +7 937 520 | +15.89% | 28.79% |
| 3 | Indië | 54 755 360 | +6 623 340 | +13.76% | 4.67% |
| 4 | Indonesië | 44 234 940 | +1 316 740 | +3.07% | 18.21% |
| 5 | Mexiko | 38 067 420 | +4 024 420 | +11.82% | 33.85% |
| 6 | Verenigde Koninkryk | 31 940 500 | +524 860 | +1.67% | 51.23% |
| 7 | Turkye | 31 700 000 | +911 880 | +2.96% | 40.74% |
| 8 | Fillipynse Eilande | 29 424 360 | +2 252 600 | +8.29% | 29.45% |
| 9 | Frankryk | 24 938 980 | +472 200 | +1.93% | 38.50% |
| 10 | Duitsland | 24 472 260 | +518 820 | +2.17% | 29.74% |
| **31** | Suid-Afrika | 5 352 900 | +637 020 | +13.51% | 10.90% |

[http://www.socialbakers.com/facebook-statistics/– intyds afgelaai, 18 September 2012]

Suid-Afrikaanse facebookgebruikers het soos volg op hierdie statistiek gereageer:

**Yolandie Strauss:** Nee daai nr is foutief!!!! Meeste is skimprofiele + van die mense het tot 20 skimme indien nie meer nie

**Eugenie Douglas:** Sluit dit organisasies en groepe in?

**Johan Barnard:** Ookay wees net rustig; wêreld gani eindig as n mens nie op die drimpeltjie weet hoeveel facebook gebruikers is ni

**Yolanda Pretorius:** Joh dis baie; geen wonder fb is party dae so stadig nie

[Verwerk van: www.facebook.com]

1.14 Watter twee lande het die afgelope twee weke (toe die data afgelaai is) persentasiegewys die meeste Facebookgebruikers bygekry? (2)

1.15 Watter afleiding kan 'n mens maak uit die feit dat die VSA, die Verenigde Koninkryk en Turkye die hoogste persentasie gebruikers het, maar dat hul groei die afgelope twee weke minder as 5% was? Begin jou antwoord so: Hoe hoër die ... (2)

1.16 Dink Yolandie Strauss dat die getal facebookgebruikers meer of minder is as wat die statistiek aandui? Motiveer jou antwoord. (2)

1.17 Wat bedoel Johan Barnard met *op die drimpeltjie* weet? (1)

1.18 Watter nadeel het die groot getal facebookgebruikers volgens Yolanda Pretorius? (1)

1.19 Indië is een van die lande met die meeste inwoners ter wêreld. Wat is na jou mening die rede vir die feit dat die land se persentasie facebookgebruikers slegs 4.67% is? (2)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

In die teks hieronder word SEWE vaardighede en kennis genoem waaroor ‘n subredakteur moet beskik. Som hierdie vaardighede en kennis puntsgewys in volsinne op. Jou opsomming mag nie meer as 90 woorde wees nie. Dui die getal woorde wat jy gebruik het, aan.

**Die rol van die sub by ‘n koerant***

“Jou koerant is net so goed soos jou subkantoor,“ het iemand eenkeer gesê. Daar steek ‘n groot mate van waarheid in dié stelling. ‘n Goeie sub is een van ‘n publikasie se waardevolste bates.

Subs is die bewakers van hul publikasie se geloofwaardigheid.

Hulle moet sorg dat elke storie lekker lees en dat die leser se vrae beantwoord word. Hulle moet seker maak dat die storie bondig, maar volledig is en dat dit duidelik en goed georganiseer is en dat dit akkuraat is. Hulle moet toesien dat die storie die leser met ‘n dubbeldoor-vuishou tref: ‘n treffende kop en ‘n treffende inleiding.

Maar hulle moet ook weet wanneer om nie te krap waar dit nie jeuk nie – wanneer ‘n storie goed genoeg geskryf is om met die minimum skaafwerk in die koerant te beland.

Subs behoort goed ingeligte mense met ‘n goeie algemene kennis te wees – mense wat elke dag koerante en ander publikasies lees, wat hul omgewing ken en ‘n verskeidenheid belangstellings het. Goeie subs het die tegniese vaardighede van ‘n taalkenner en die kwaliteite van ‘n goeie leier. Hulle is hul koerant se laaste linie van verdediging voordat die storie gepubliseer word.

Goeie subs weet hoe die nuus- en produksieprosesse by hul publikasie werk. Hulle weet watter rol die media in die samelewing speel. Hulle is op die hoogte van etiese vereistes en het ‘n goeie idee van wetsaspekte wat die media raak.

* Aangesien in joernaliste-taal algemeen van stories, koppe en subs (eerder as berigte, opskrifte en subredakteurs/ taalversorgers) gepraat word, word dit in hierdie leesstuk gebruik.

[Verwerk uit: ***Skryf Afrikaans van A tot Z***, 2003]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

## VRAAG 3: KOERANTBERIG

**KLUISENAARSKAP...**
**VIR DIE BEGINNERSKRYWER**

(3.1 Brand) jy van nuuskierigheid om meer van die lewe van 'n (3.2 beginnerskrywer) se geheime te wete te kom? (3.3) Jy kan! Volg net ons tienpuntplan.

(3.4 Kweek) eers 'n bokbaard wat jy gereeld soos 'n skrywer kan streel. Sug en lyk (3.5 vervelig/verveeld).

Skaf dan vir jou 'n verafgeleë woning aan, iewers in 'n blarewoud of sandwoestyn. (3.6 Skaar) jou soos 'n (3.7 monnik) by eenvoud en armoede, maar onthou, (3.8 ... aan op) jou aandeel uit die wins van jou boeke.

(3.9 Glo in die ongewone dinge soos wat Salinger in homeopatie geglo het.)

(3.10 Word óf 'n gerespekteerde 3.11 pasifis) en vol aanvaarding vir ander óf 'n vegetariër.)

Maar as 'n (3.12 biograaf) (313 twak) oor jou kwytraak, skuif hom met minagting op die agtergrond. Moet glad nie toelaat dat (3.14 skelmfotos/skelmfoto's) jou privaatlewe ontbloot nie.

(3.15 Indien jou skryfwerk met 'n belangrike prys bekroon word, moet jy beslis tog nie vir die plegtigheid opdaag nie.)

Staar dan, soos 'n tipiese (3.16 kluisenaar), intens en melankolies, asof jy niks in die verte gewaar nie.

[Verwerk uit: *Boekebylae, Rapport*, 7 Maart 2010]

3.1 Word die woord brand hier denotief of konnotief gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

3.2 Is hierdie woord (beginnerskrywer) 'n simpleks, samestelling, afleiding of samestellende afleiding? Motiveer jou antwoord. (2)

3.3 Brei die onderwerp van die volgende vraagsin uit met behulp van 'n byvoeglike bysin.

*Brand jy van nuuskierigheid om meer van 'n beginnerskrywer se geheime te wete te kom?* (1)

3.4 Maak 'n sin met die homoniem van kweek in reël 3. (1)

3.5 Kies die korrekte woord. (1)

3.6 Gebruik hierdie woord as 'n selfstandige naamwoord in 'n verhelderende sin. (1)

3.7 Skryf die meervoud van die woord monnik in r.6 neer. (1)

3.8 Vul die korrekte idiomatiese woord in. (1)

3.9 Herskryf die volgende sin in die indirekte rede:

*Salinger het gesê: "Ek glo in ongewone dinge soos homeopatie."* (1)

3.10 Skryf die onderstreepte sin oor in die ontkennende vorm. (1)

3.11 Wat is 'n *pasifis*? (1)

3.12 Skryf die korrekte **vorm** van die woord tussen hakies:

*Die (biograaf) van die kluisenaar se lewe verkoop flink*. (1)

3.13 Maak 'n verhelderende sin met twak se doeblet (tweelingwoord). (1)

3.14 Skryf die woord se korrekte spelling neer. (1)

3.15.1 Is die onderstreepte sin in die **lydende** of **bedrywende** vorm geskryf? (1)

3.15.2 Skryf nou die sin oor in die **ander vorm**. (1)

3.16 Skryf 'n **sinoniem** vir kluisenaar. neer. (1)

3.17 Verduidelik die **betekenis** van die twee idiome in die volgende voorstellings:

**3.17.1**




Die lang arm van die gereg


**3.17.2**




Susan het op haar troudag koue voete gekry. (2)

**[20]**

## VRAAG 4: ADVERTENSIE




4.1 Wat word deur die twee soorte skoene in die advertensie aangedui? (2)

4.2 Dink jy dat die skrif- en lettertipe van *Breek weg* gepas is?
Motiveer jou antwoord. (2)

4.3 Watter tegniek kom voor in die stelling

"*Vrolike, veilige waarde vir jou vakansie-rand*"? (1)

4.4. Gee die oortreffende trap van *perfekte* in "die perfekte plek"? (1)

4.5 Wat word geïmpliseer deur die sin "*Regkom was nog nooit so lekker nie*"? (1)

4.6 Herskryf as ‘n vraagsin:

*Dit is die perfekte plek vir jou en jou gesin.* (1)

4.7 Die woord *aanbiedinge* verwys:
4.7.1 Skryf die enkelvoudsvorm van *aanbiedinge* neer. (1)
4.7.2 Skryf die verkleiningsvorm van *aanbiedinge* neer. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**TOTAAL VIR VRAESTEL: [70]**